

MOSELBAAI MUNISIPALITEIT

VOORGESTELDE BESTUUR EN VERHURING VAN DIE PUNT KARAVANPARK: ERWE 3626, 3601 EN 3794, INSLUITEND DIE PUTT-PUTT BAAN, SKAATSPLANKRY FASILITEIT EN OORD WINKEL (TOTALE AREA ±3.5HA), MOSELBAAI VIR 'N TYDPERK VAN VYFTIEN JAAR

Kennis geskied hiermee ingevolge die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, No 56 van 2003, gelees met die Bate-Oordragregulasie R878 van 2008, Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 2000 en die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, No 32 van 2000, dat die Raad van Mosselbaai Munisipaliteit ingevolge Raadsbesluit E45-02/2018 gehou op 28 Februarie 2018 na aanleiding van 'n breedvoerige ondersoekproses besluit het dat die Punt Karavaanpark, die eiendom van die Mosselbaai Munisipaliteit (Munisipaliteit) bly, maar dat die Punt Karavaanpark deur 'n privaat entiteit bedryf en bestuur sal word by wyse van 'n toepaslike huurooreenkoms.

Ten einde uitvoering te gee aan bogenoemde word beoog om die Punt Karavaanpark (die Oord) bestaande uit erwe 3626, 3601 en 3794 (insluitend die Putt-Putt Baan, Skaatsplankry Fasiliteit en Oord winkel), totale area ± 3.5ha vir 'n tydperk van vyftien (15) jaar te verhuur deur middel van 'n tenderproses ingevolge voorgeskrewe wetgewing.

Die huurooreenkoms sal onderhewig wees aan die volgende voorwaardes:

1. Dat die Oord opgradeer word na 'n 3-stergradering ooreenkomstig die Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika se vereistes.
2. Dat die Oord die hele jaar oop bly.
3. Dat indien bome op die eiendomme afgekap word, dit vervang mag word deur 'n nuwe boom te plant in die Oord.
4. Dat die bestaande omheining vervang en opgradeer word.
5. Dat die suksesvolle tenderaar omgewingsvolhoubare praktyke moet toepas, insluitend die opvang van reën water van die bestaande strukture in die Oord.
6. Dat die suksesvolle tenderaar 1 x 5000l reënwater-tenk moet installeer en opkoppel, asook 'n opvangtenk vir grys water by elke bestaande struktuur met 'n dak moet plaas by die Oord. Hierdie water kan gebruik word vir besproeiing en die was van motorvoertuie of woonwaens.
7. Dat die putt-putt baan, skaatsplankry fasiliteit en oord winkel opgradeer word, of die geleentheid gebied word om 'n nuwe onderneming en/of aktiwiteite, wat die omgewing in ag neem, daar te stel en dat die voorgestelde opgradering toeganklik moet wees vir die breër publiek en nie net tot oord kliënte beperk word nie.
8. Dat kennis gegee word aan die Huurder van die putt-putt baan, skaatsplankry fasiliteit en oord winkel van Raad se voorneme om die oord en fasiliteit te verhuur en dat

wanneer, en indien nodig, die huurooreenkoms beëindig word ingevolge die ooreenkoms.

Die volgende aspekte sal *inter alia* oorweeg word tydens die opstel van die tender spesifikasies:

1. Bewese ervaring in oordbestuur.
2. Bewese finansiële vermoë om die Oord op te gradeer na 'n 3-ster gradering.
3. Duidelike beskrywing van die voorgestelde opgraderings deur tenderaar.

Hierdie kennisgewing en 'n diagram van die voorgestelde huurarea is beskikbaar op die munisipale webwerf: www.mosselbay.gov.za.

INLIGTINGSTAAT

Mosselbaai Munisipaliteit het 'n ondersoek geloods in terme van Artikel 78 van die Munisipale Stelselwet, No 32 van 2000, met betrekking tot die bedryf van die Punt Karavaanpark.

Die sleutelresultate van die Artikel 78 Ondersoek was dat selfs al is die oorde 'n beduidende kapitale bate, die bestuur van die Park 'n gespesialiseerde besigheidsaktiwiteit is en nie 'n basiese munisipale funksie nie. Die Park word tans nie bedryf tot sy volle potensiaal nie en word tans bedryf teen 'n kontant tekort. Indien die Park na behore bestuur word deur 'n entiteit met die nodige gespesialiseerde vaardighede en ondervinding, kan munisipale verliese ingekort word en die Park bydra tot die plaaslike ekonomiese ontwikkeling van die munisipale gebied.

1. Die redes vir die voorstel om 'n langtermyn reg om die gebruik, beheer of bestuur van die relevante kapitaalbate toe te ken.

Die vernaamste redes vir die bestaan van 'n langtermyn reg is:

- (i) Die bedryf van die Park is nie 'n basiese funksie van 'n plaaslike owerheid nie.
- (ii) Die oorde word tans bedryf teen 'n kontant tekort.
- (iii) Daar word in die Munisipale GOP beoog om die Punt area op te gradeer end it is derhalwe krities dat die Punt Karavaanpark ook opgradeer en bestuur word. Daar sal van die privaate entiteit verwag word om die nodige kapitale belegging te maak om die Oord op te gradeer na 'n 3 - ster gradering en voldoende tyd sal verleen word aan die entiteit om 'n opbrengs op sy belegging te verseker.

2. Enige verwagte voordele vir die munisipaliteit wat mag voortspruit uit die toekenning van die reg

- (i) Die Munisipaliteit sal eienaarskap van die Park behou, maar sal behoorlik bestuur en in stand gehou word deur 'n private entiteit.
- (ii) Privaatsektor instellings is normaalweg tot hoër doeltreffendheid in staat en kan in die algemeen toegang tot bedryf en beleggingskapitaal bekom.

- (iii) Die Park sal voordeel trek uit verhoogde besetting - ook gedurende buite seisoen.
- (iv) Gepaste risiko-oordrag sal plaasvind vanaf die Munisipaliteit na die privaat entiteit.
- (v) Die putt-putt baan, skaatsplankry fasiliteit en oord winkel sal ook opgradeer word, of die geleentheid gebied word om 'n nuwe onderneming en/of aktiwiteite, wat die omgewing in ag neem, daar te stel en sal die voorgestelde opgradering toeganklik moet wees vir die breër publiek en nie net tot oord kliënte beperk word nie.
- (vi) Dat kennis geneem word dat voorgeskrewe wetgewing en die Voorkeuraankope beleid van die Raad gevolg sal word.

3. Enige verwagte opbrengs wat deur die munisipaliteit op grond van die toekenning van die reg ontvang word.

- (i) Die plaaslike owerheid sal 'n huurinkomste ontvang uit die Park.
- (ii) Met meer besoekers na Mosselbaai en nie net tydens die piek vakansieseisoen nie, kan besteding by plaaslike besighede verhoog, wat op sy beurt kan lei tot verbetering in die plaaslike ekonomie.

4. Enige verwagte wins of verlies wat sal realiseer of aangegaan word deur die munisipaliteit deur die toekenning van die reg

- (i) Die plaaslike owerheid sal voordeel trek deur bereiking van die Munisipaliteit se strategiese doelwitte, insluitend die opgradering en verbeterde bestuur van die Park asook die generering van addisionele inkomste vir die Munisipaliteit.

Die Artikel 78 Ondersoekverslae vir die Punt Karavaanpark is beskikbaar vir inspeksie by die Regsafdeling van Mosselbaai Munisipaliteit, Marshstraat , Mosselbaai en op die munisipale webwerf: www.mosselbay.gov.za

Enige kommentaar, verhoë of besware met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 25, Mosselbaai, 6500 ingedien word voor of op 1 Junie 2018 met vermelding van die bogenoemde opskrif en onderstaande lêer verwysing. Enige kommentaar, verhoë of besware wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

Enige navrae kan gerig word aan Mnr. N Prins by telefoonnommer (044) 606 5110, e-pos: nprins@mosselbay.gov.za of Me. M Smit by telefoonnommer (044) 606 5125, e-pos: msmit@mosselbay.gov.za

Voorts word hiermee ingevolge Artikel 21(4) van Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No 32 van 2000 kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie, die Regsafdeling van die Munisipaliteit kan nader tydens kantoorure waar 'n lid van die personeel daardie persoon sal help om hul kommentaar, verhoë of besware op skrif te stel.

ADV THYS GILIOMEE

MUNISIPALE BESTUURDER

Lêerverwysing: 17/7/4/2/3